Carl Melt du Plessis (gebore 13 Mei 1933 te Pretoria, oorlede 7 Januarie 2010 te Vleesbaai)

Carl is gebore as die oudste van 4 seuns van Paulus Johannes du Plessis en Roelofje de Loor. Sy pa was die seun van 'n oud-Boerekryger wat in die 1910's van Smithfield na Pretoria verhuis het. Paul is in 1920 Affies toe met die opening van die skool, het rugby gespeel vir die skool en in 1925 gematrikuleer. In die voorportaal van die biblioteek word 'n gedig deur hom uitgestal. Hy word later markagent en toe lewende hawe afslaer en stig die firma P J du Plessis Afslaers wat vandag nog bestaan. Hy sterf in 1958. Carl is op die ouderdom van 5 laerskool toe in Benoni waar hy graad 1 en 2 in 1939 en standerd 1 en 2 in 1940 voltooi. In 1943 voltooi hy standerd 5 op 10-jarige ouderdom aan die Laerskool Pretoria-Oos, waarna hy Affies toe is en in 1948 as vyftienjarige matrikuleer. Hy studeer bourekenkunde aan die Universiteit van Pretoria en gradueer in 1954 op ouderdom van 21. Hy het rugby en waterpolo gespeel en vir Noord-Transvaal geswem. Nadat hy in 1955 weermagsdiens in Potchefstroom gedoen het en toe 3 maande in Kaapstad gewerk het om 'n takkantoor vir sy werkgewer te stig, rig hy op 1 Maart 1956 saam met 'n kollega die firma H Grothaus en Du Plessis op in Pretoria, wat hy na presies 48 jaar op 29 Februarie 2004 verlaat met sy aftrede. As bourekenaar was hy betrokke met die skuif van die Pres. Kruger standbeeld van Pretoria-stasie na Kerkplein, die oprigting van geboue soos die Bunga regeringsgebou in Umtata, die weermagbasis in Grootfontein, Namibië en by Heystekrand in BoPhuthatswana, Gazankulu se regeringsgeboue in Giyani, Volkskas se hoofkantoor in Pretoria, die Staatsteater, Strydomplein, en opgradering van hospitale in Pretoria en Johannesburg. Carl se broers Boet (Vaatjie, Johannes Hendrikus), Willie (Willem Jordaan) en Peet (Pierre Jean) is in 1938, 1940 en 1946 gebore en het almal aan Affies gematrikuleer, asook hulle seuns Roelof (1981), Bernard (1983), Wildu (1988), Gerard (1990) en Andre (1994). Peet sterf in 1985 en Willie in 1989. Carl trou in 1957 in Waterval-Boven met Salomie Snyman, gebore op 16 Oktober 1933 te Klipplaat in die Karoo, wie in 1950 op AHMP gematrikuleer het en haar as 'n maatskaplike werkster aan UP bekwaam het. Paul Carl is in 1960 gebore en matrikuleer in 1977 (onderhoofseun) aan Affies en bekwaam hom daarna as veekundige aan UP. Hy trou in 1984 met Louise Wessels. Hulle seun Carl Pierre Jean, gebore in 1986, matrikuleer aan Affies in 2004 as die vierde geslag van Du Plessis's op AHS. Ben Johan Andries is in 1962 gebore en slaag matriek in 1979 aan Affies, waarna hy veearts word. Carl en Salomie verhuis in Junie 2004 na Vleesbaai in die Wes-Kaap, waar sy hom op 26 September 2006 skielik ontval. Na 'n siekbed van meer as drie jaar sterf Carl op 7 Januarie 2010 in sy huis op Vleesbaai. Hulle is albei op Hartenbos begrawe.